



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PUNTE

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013
GRAAD 3 AFRIKAANS HUISTAAL
TOETS**

PUNTE: 40

TYD: 1 UUR

PROVINSIE _____

STREEK _____

DISTRIK _____

NAAM VAN SKOOL _____

OBIS-NOMMER (9 syfers)

--	--	--	--	--	--	--	--	--

KLAS (bv. 3A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN

DOGTER

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

Hierdie toets bestaan uit 12 bladsye, die voorblad uitgesluit.

Instruksies aan die leerders

1. Lees al die instruksies en vrae deeglik deur.
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.
3. Die onderwyser sal die praktiese oefeninge met j ou deurgaans voordat j y met die toets begin.
4. Die toets tel 40 punte.
5. Die toets duur 60 minute.

Praktiese oefeninge

1. Omkring die letter langs die regte antwoord.

Wat gee koeie vir ons?

Koeie gee vir ons ...

A brood.

B melk.

C konfyt.

D tee.

Jy het die vraag korrek beantwoord indien j y B omkring het.

2. Omkring die werkwoorde.

Hy loop, maar sy hardloop.

Jy het die vraag reg beantwoord indien j y die woorde loop en hardloop omkring het.

3. Maak 'n kruisie (✕) in die blokkie langs die regte antwoord.

Die son gee vir ons ...

water	
kos	
lig	✕
wind	

Jy het die vraag reg beantwoord as jy 'n kruisie (✕) in die blokkie langs die woord lig gemaak het.

4. Die sinne hieronder vertel ons hoe om ons tande te borsel.

Nommer die sinne (1–4) in die blokkies om die regte volgorde aan te dui wanneer jy jou tande borsel.

Maak die tandeborsel nat.	1
Spoel jou mond uit.	4
Borsel jou tande.	3
Sit dan tandepasta op die tandeborsel.	2

Jy het die vraag reg beantwoord as jy die sinne in die regte volgorde genommer het.

In jou toets sal jy nog vrae soos hierdie kry om te beantwoord.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die storie en beantwoord dan vraag 1-6.

Lank, lank gelede is 'n babaseun gebore. Hy was die seun van die trotse ouers, mnr. en mev. Sontonga. Hulle het hom Enoch genoem. Hulle het tot die Mpinga-stam behoort en het Xhosa gepraat.

Toe Enoch groot was, het hy 'n onderwyser geword. Hy was baie lief vir musiek en was ook lief daarvoor om kinders te leer. Hy het dikwels in sy klas gestaan en die kinders dopgehou, terwyl hulle buite gedans, gesing en gespeel het. Terwyl hy die kinders dopgehou het, het hy gewens dat al die kinders van Suid-Afrika eendag so saam kan speel, saam kan woon en vriende kan wees.

Enoch het baie liedjies geskryf, maar sy gunstelingliedjies was daardie wat hy vir die kinders geskryf het om te sing. Al sy liedjies het oor liefde en vrede gegaan.

Eendag het Enoch 'n baie spesiale liedjie geskryf. Die eerste woorde van hierdie lied was "Nkosi Sikelel' iAfrika". Dit beteken "God seën Afrika". Enoch het dikwels gebid en gevra dat die kinders van Suid-Afrika geseën moet word.

Enoch se liedjie, "Nkosi Sikelel' iAfrika", het baie bekend geword. 'n Bekende Xhosa-digter, Samuel Mqhayi, het nog woorde vir die liedjie geskryf en vandag is al die mense van Suid-Afrika baie trots wanneer hulle die liedjie sing.

Ja, die liedjie wat as " 'n Gebed vir Afrika" bedoel was, het as ons geliefde Volkslied bekend geword.

1. Skryf 'n geskikte titel vir die storie.

.....

2. Omkring die letter langs die regte antwoord.

Wat is die naam van die liedjieskrywer oor wie die storie gaan?

A Samuel

B Mpinga

C Xhosa

D Enoch

3. Maak 'n kruisie (✗) in die blokkie langs die regte antwoord.

Waar het Enoch gewoon en gewerk?

Suid-Amerika	
Suid-Afrika	
Australië	
Asië	

4. Dui die regte volgorde van gebeure in die storie aan.

Nommer die sinne (1-4) in die blokkies om die regte volgorde aan te dui.

Enoch het 'n onderwyser geword.	
Enoch se gebed het ons Volkslied geword.	
'n Bekende Xhosa-digter het nog woorde vir die lied geskryf.	
Enoch het liedere oor liefde en vrede geskryf.	

5. "Nkosi Sikelel' iAfrika" is ons Volkslied. Hoekom het Enoch hierdie lied geskryf?

Enoch het "Nkosi Sikelel' iAfrika" geskryf omdat

.....

.....

.....

6. Waarom, volgens j ou, het Enoch beroemd geword?

Enoch het beroemd geword omdat

.....

.....

.....

7. Kyk na die prent en beantwoord vraag 7.1 en 7.2.



7.1 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Wat doen die perd? Die perd ...

- A galop oor die heuwel.
- B staan in die stal.
- C wei in die veld.
- D drink melk.

7.2 Maak 'n kruisie (✘) in die blokkie langs die regte antwoord.

Die prent op bladsy 6 is van 'n ...

wildsplaas.	
akwarium.	
plaas.	
dieretuin.	

8. Skryf die sinne oor in die gegewe tye.

8.1 verlede tyd

Die boer voer die hase, terwyl die kinders kyk.

.....
.....
.....
.....

8.2 teenwoordige tyd

Die vark het in die modder gespeel, terwyl die perde in die veld
gegalop het.

.....
.....
.....
.....

9. Lees:

9.1 'n Selfstandige naamwoord is 'n naamwoord. Omkring **twee** selfstandige naamwoorde in die sin hieronder.

Die hond waai sy stert.

9.2 'n Voornaamwoord is 'n woord wat in die plek van die selfstandige naamwoord gebruik word. Omkring **twee** voornaamwoorde in die sin hieronder.


Die boer en sy vrou is lief vir die diere op hul plaas.


9.3 'n Voegwoord is 'n woord wat sinne aan mekaar voeg. Omkring **een** voegwoord in elkeen van die sinne hieronder.

a. Die varke het hulle kos geëet en daarna het hulle gaan slaap.

b. Die perde runnik, maar die eende kwaak.

10. Kyk na die prente en voltooi die sinne.

10.1 Ek moet my  buig wanneer ek spring.

10.2 Daar is  leerders in die groep.

10.3 Ons sing 'n liedjie oor drie blinde 

11. Skryf die volgende sinne oor. Vul **twee** leestekens in elke sin in.

11.1 daar is baie diere op my oom se plaas

.....
.....
.....

11.2 Hoeveel skape koeie en perde is daar op die plaas

.....
.....
.....

11.3 Die boer skree, Pas op vir die slang.

.....
.....
.....

12. Trek 'n kring om die regte werkwoord tussen hakies.

12.1 Hy (skryf/skreif/skruif) in sy boek.

12.2 Die meisie (dans/daans) met die seun.

13. Lees die tabel en beantwoord vraag 13.1-13.3.

Pligtelys van plaaswerkers		
Naam	Maandag en Woensdag	Dinsdag en Donderdag
Mpho	Voer die varke	Maak die varkhok skoon
Sibongile	Maak die stal skoon	Borsel die perde
Peter	Voer die perde en hoenders	Haal die eiers uit die neste Borsel die perde
Pat	Maak die groentetuin skoon	Maak die groentetuin nat
Sam	Pluk vars groente	Voer die varke en hoenders

13.1 Mpho voer die varke op 'n Maandag.

Wie voer ook die varke?

.....

13.2 Pat en Sam werk albei in die groentetuin.

Wat doen Pat op 'n Woensdag?


















.....

13.3 Sibongile borsel die perde op 'n Dinsdag en 'n Donderdag.
Op watter dae maak hy die stal skoon?

.....

14. Lees die grafiek en beantwoord vraag 14.1 en 14.2.

Diere op die plaas

Getal diere	8				
	7				
	6				
	5				
	4				
	3				
	2				
	1				
	perde	varke	hoenders	skape	

14.1 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Vergelyk die getal diere op die plaas. Watter diere is die meeste?

- A hoenders
- B perde
- C skape
- D varke

14.2 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Hoeveel meer hoenders as varke is daar op die plaas?

A 8

B 5

C 4

D 3

15. Skryf **twee** paragrawe van ten minste **10** sinne in totaal oor 'n besoek aan 'n plaas. Maak seker jy gebruik die regte taal, spelling en leestekens. Moenie jou sinne nommer nie.

'n Besoek aan die plaas

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Totaal: 40